# 10

# Vinnigste, flinkste vlooi!


## My tuin



Vlooi sit stilletjies op Rotjie se oor en bekyk die insekte se gestryery ... al weer!

"Ek is die vinnigste," kreun Sprinkaan.
"Onmoontlik!" dreun Naaldekoker. "Almal weet ek is die vinnigste."
"Belaglik, ek's die vinnigste," zoem By.

"'n Resies," stel Vlooi voor. "Kom ons hou 'n resies!"



Die tuin gons soos die insekte oefen vir die groot resies.

By zoem van blom tot blom terwyl hy stuifmeel versamel. Zzzoem!
Sprinkaan oefen sy hoogspring. Keboinggg!
Naaldekoker hang, sweef en duik. Drrrrr!

Die dag van die resies!
Die tuin weerklink van opwinding.  Almal is daar.

Boem!

"En weg is hulle … Skoenlapper loop voor …"
kondig Duisendpoot aan.

Perdeby steek vir Skoenlapper.

"En Perdeby neem die voorste posisie in …
en wat het ons hier?"
gaan Duisendpoot voort.  "By verlaat die resies!"

By kon net nie die kanferfoelie weerstaan nie.

"Dis kop-aan-kop … Perdeby en Naaldekoker na die
eindstreep," bulder Duisendpoot se stem.

Naaldekoker stamp vir Perdeby.  Perdeby stamp terug.
Stoot.  Stamp.  Bots!

Vlooi, wat onder Naaldekoker se vlerk geslaap het, word met 'n skok
wakker en spring om weg te kom van die bakleiery … en vlieg oor die wenstreep!

"Hoera!" skree die skare.

"En die wenner is Vlooi," kondig Duisendpoot aan.

En dis hoe Vlooi die vinnigste insek in die tuin geword het.

